

Vrydag 31 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:20

Die duiwel en sy trawante boet!

En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver (Op. 14:20, 1953-vertaling).

Hierdie wynkuip word buitekant die Nuwe Jerusalem getrap. Die goddeloses is nie deel van die heerlijkheid van God nie! Hulle deel van daardie oordeelsoomblik af nooit weer die gemeenskaplike grond met die uitverkorenes wat in die vriendelikheid van God staan nie.

Vergelyk hierby ook ander openbaringe van die Here: Openbaring 20:8-10: *... en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is ... om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp ... en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.* En Openbaring 22:15: *Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.*

Die dik stroom bloed wat uit die kuip uitvloei, is verskriklik. Natuurlik is dit simbolies. Die stroom bloed vloei sestien honderd stadia. In ons moderne afstand is dit 320 kilometer ver! Die afstand is om simbolies die ellendes wat die mense in die hel (die parskuip van God se grimmigheid) deurgaen, te beskryf. Om met 'n perd 320 km af te lê om vir die geweldige stroom bloed te vlug, is totaal onmoontlik.

Die verdere ellende is die dikte (diepte) van die stroom bloed. Dit loop tot teen die tooms van die perde! Die simboliese betekenis is dus dat die hele skepping verdrink in die ellende (bloed)!

Die punt is net dat ons nooit deel van hierdie ellendes en verwoesting sal wees nie. Ons sing dan alreeds as gereddes voor die troon van God!

Sing: Skrifberyming 7-1:3

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)